

**Maandag 22 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 16:1-9**

**Fokusgedeelte: Lukas 16:9; HK Sondag 22, Antwoord 57**

**Is daar 'n weersien na die dood?**

Die vraag word soms gestel of die gelowiges wie se siele ná hulle dood in die Vaderhuis is, mekaar kan ken en herken. Sal daar 'n *weersien* van mekaar wees, nie slegs ná die liggaamlike opstanding nie maar reeds vóór die opstanding? Hierop moet op grond van die getuienis van die Skrif geantwoord word: Ja, daar sal 'n herkenning van mekaar ná die dood wees wat ons siele betref.

Hierdie herkenning of weersien van mekaar ná die dood is dikwels bestry op grond van die feit dat – soos daar beweer word – die siel geen sintuie soos oë, ore, hande en monde het wat vir die weersien of herkenning van mekaar nodig is nie.

Wie egter so redeneer, praat oor hemelse sake in aardse terme, en dit mag nie. Trouens, die engele het ook geen liggame nie – hulle is dienende geeste (Heb. 1:14) – en tog is daar onderlinge kontak en gemeenskap tussen hulle (Op. 12:7).

Ons moet egter nie steun op allerlei menslike redenasies nie, maar ons alleen hou aan wat die Skrif ons leer. Die Skrif leer ons dat daar wel 'n herkenning van mekaar in die Vaderhuis is. Ook in dié verband kan verwys word na Christus se gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:29-31). Abraham het Lasarus geken en Lasarus weer vir Abraham.

In die gelykenis van die oneerlike bestuurder (Luk. 16:1-13) sê Christus: “Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak, sodat wanneer geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.” Dit veronderstel duidelik 'n herkenning van mekaar ná die dood. Hierdie ontvangs of verwelkoming in die ewige wonings impliseer tog dat die gelowiges wie se siele ná hulle dood in die Vaderhuis is, *moet weet* dat dit hulle aardse weldoeners is wat die ewige rus binnegaan en hulle as sodanig ontvang.

Tog moet ons daarteen waak om nie van hierdie herkenning of weersien van mekaar *aards te dink nie* – so asof die bande wat ons hier op aarde aan mekaar gebind het, ook ná die dood van groot betekenis sal wees. Nee, ons vreugde in die Vaderhuis sal nie daarin bestaan om weer by man of vrou, vader, moeder of kind te wees nie. Dit sal daarin bestaan dat ons by Christus, ons Verlosser en Saligmaker, sal wees. Ons sal hulle wat ons geliefdes op aarde was, weer sien en herken, maar alleen as kinders van ons hemelse Vader en as broers en susters van die Here Jesus. Paulus sê immers ook nie in Filippense 1:23 dat hy verlang om heen te gaan om met vader of moeder of die of daardie te wees nie, maar “*om met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.*”